SABoerperd

The Ideal Sporting & Pleasure Horse

www.saboerperd.com

STOET PROFIEL / STUD PROFILE

BELLA VISTA STOET

Cullinan

EIENAAR / OWNER:	Gerhard le Roux
JAAR VAN REGISTRASIE / YEAR OF REGISTRATION:	2012
KONTAK BESONDERHEDE / CONTACT DETAILS:	082 575 6735 gerhard@piri.co.za

HOEKOM HET JY DIE STOET BEGIN? / WHY DID YOU START THE STUD?

Ek het in 2011/2012 bewus geword van die SA Boerperd. Ek was dadelik versot op die temperament en veelsydigheid van die ras. Ek het 'n passie vir perde en die stoetery is vir my 'n lekker stokperdjie.

MET WATTER PERDE HET JY BEGIN? / WITH WHICH HORSES DID YOU START?

Ek het met twee Roemryk merries begin. Die een merrie het ongelukkig tydens vul gevrek. Die ander merrie, Inka, het vir my 'n merrievul (Bella Vista Anja) gegee wat 'n baie mooi temperament het en goeie punte tydens keuring gekry het. Later het ek vir Ludwig Lalie, en ook Meer en Meer Ivoor aangeskaf. Ek koop gewoonlik gepaste dekkigs tydens die sterhings veilings op die Nasionale Kampioenskappe.

Ek het ook aan die begin twee reuns aangeskaf, nl. Roemryk Nkosi en Lechanne Desert Storm. Nkosi was verlede jaar die SANESA nasionale kampioen Veelsydige Ryperd. Desert Storm doen ook baie goed in die Veelsydige Ryperd-klas en was al die SA Boerperd Nasionale kampioen in die Plesierperd- en Werkende Jagperd-klas.

VISIE & MISSIE / VISION & MISSION

Om 'n veelsydige sportperd met 'n goeie temperament te teël wat ook gemaklik ry. Ek wil 'n reputasie opbou van 'n stoet wat min, maar kwaliteit, goeie temperament- en goed afgerigte, veelsydige ryperde lewer.

TOEKOMSPLANNE / FUTURE PLANS

Ek beplan om my aantal merries na twee of drie top merries te verminder en die aantal vullens wat jaarliks aankom, ook te beperk tot twee of drie, sodat ek my visie vir die stoet kan bereik. Ek beplan ook om gereelde plesierritte oor naweke by ons op die plaas aan te bied waartydens perde liefhebbers op my perde kan ry teen 'n minimale fooi wat basies net my kostes (kos en drinkgoed) dek. Ek reken dit kan baie help om my perde te bemark en aangesien dit vir my 'n stokperdjie is, sal dit beslis nie moeite wees nie.

STOET AKTIWITEITE & BETROKKENHEID / STUD ACTIVITIES & INVOLVEMENT

Die meerderheid mense in die SA Boerperd genootskap is aangename mense en ek geniet die sosiale interaksie tydens skoue en ander aktiwiteite soos bv. keuring, vreeslik baie. Dit is ook lekker om ander stoeterye beter te leer ken wanneer ek merries neem vir sterhings dekkings. Ek geniet dit baie om, waar moontlik, self my perde op die skoue te vertoon. Ten einde dit ordentlik te kan doen, het ek sedert ek die stoet begin het, ry- en dresseerlesse begin neem.

FOTO'S / PHOTOGRAPHS